HOËRSKOOL
DIAMANTVELD

Tel: 053 833 1528/9

Faks: 053 833 1534

www.diamantveld.co.za

A POSSE AD ESSE

skoolhoof@diamantveld.co.za
admin@diamantveld.co.za
finansies@diamantveld.co.za
sport@diamantveld.co.za
bemarking@diamantveld.co.za

Privaatsak X6061
Kimberley 8300

Voortrekkerstraat 2
Kimberley
8301

INVORDERING VAN SKOOLFONDS

(Met verwysing na Ouerbrief 5 van 2019)

1. Skoolfonds is betaalbaar op die eerste skooldag van 'n jaar of op die datum wanneer 'n leerder in die loop van die jaar by die skool ingeskryf word.

2. Die volgende betalingsopsies is beskikbaar:

   2.1 Die volle bedrag vóór/op 31 Maart van die betrokke jaar om vir die korting te kwalifiseer;

   2.2 Tien (10) maandelikse paaiemente per debietorder vanaf Januarie van die betrokke jaar;

   2.3 Tien (10) maandelikse paaiemente per kontant / kaart / Samba / internetbetaling (EFT) vanaf Januarie van die betrokke jaar.

3. In die gevalle waar die skoolfonds in paaiemente betaal word, moet die laaste paaiemente vóór of op 31 Oktober van die betrokke jaar betaal word.

4. Indien 'n leerder in die loop van 'n betrokke skooljaar ingeskryf word, sal die skoolfonds en betalingstermyn pro rata bereken word.

5. Ouers moet skriftelik 'n keuse uitoefen oor die wyse waarop skoolfonds betaal gaan word en onderneem om daarby te hou.

6. Indien 'n ouer gebreke bly om 'n keuse van betaling uit te oefen, word aanvaar dat betalingsopsie 2.2 of 2.3 deur die ouer uitgeoefen sal word.

7. Indien 'n ouer in gebreke bly om sy onderneming oor die wyse waarop skoolfonds betaal word, STIPTELIK na te kom, word die VOLLE UITSTAANDE bedrag onmiddellik opeisbaar en betaalbaar en sal invorderingstappe geneem word wat moontlik daartoe kan lei dat ’n ouer as gevolg hiervan as ’n swak betaler gelys word.

LC VICTOR

SKOOLHOOF

04/12/2019